Afrikaans Huistaal Graad 2

*Hersien Nasionale Onderrigplan*

## RIGLYNE OOR HOE OM DIE AANGEPASTE KURRIKULUM VIR TALE IN GRONDSLAGFASE TE GEBRUIK:

Let op die volgende:

1. Die kurrikulum is aangepas om die kernkonsepte en vaardighede aan te spreek.

2. Al die vaardighede word versprei oor die gegewe tyd. Vaardighede en kennis word dwarsdeur die week herhaal, sodat geen leerder benadeel word as hy nie elke dag skool toe gaan nie.

3. Inhoud word oor 'n paar weke versprei.

4. Vir Graad 2 en 3 word die eerste drie weke opsy gesit vir die inhaal en konsolidasie van die vorige graad se inhoud. As 'n skool dit nie nodig vind nie moet hulle KABV volg vanaf die eerste kwartaal se onderrigplan.

5. Daar moet 'n sterk integrasie tussen die vakke wees.

6. Alle Onderwerpe in Taal is geïntegreer en daaglikse aktiwiteite is nie tydspesifiek nie maar word deur die dag gebruik.

7. Lees moet voldoen aan die volgende: **Lees- en Skryffokustyd (KABV).** Hierdie aanmanings word hierby ingesluit aangesien daar blykbaar verskillende interpretasies is van wat bedoel word met die Lees- en Skryffokustyd in KABV.

- Die **Lees- en Skryffokustyd** is 'n streng geïntegreerde tyd (ongeveer een uur) waarin Gedeelde Lees en dan Gedeelde Skryf in die eerste 15 minute plaasvind. Daarna, maar ook gekoppel aan die vaardighede wat aangeleer is in die gedeelde lees / gedeelde skryfproses, word daar op woord- en sinsvlak gewerk (bv. Klanke). Dit duur ongeveer tien minute.
- Daarna word Groep Begeleide Lees gedoen en leerders word in groepe volgens hulle leesvermoë gegroepeer.
- Tydens die Lees- en Skryffokustyd word die grondslag gelê vir die bemeestering van die vaardighede wat benodig word vir gepaarde lees, onafhanklike lees en onafhanklike skryfwerk wat BUITE die Lees- en Skryffokustyd val.
- Die kernvaardighede en kennis van die verskillende gebiede ondersteun dit en dit staan nie alleen nie

8. Wanneer groepwerk gedoen word moet sosiale distansiëring gehandhaaf word.

9. Onderwysers moet in kommunikasie bly met onderwysers van vorige grade (indien moontlik) sodat daar geen leemtes kan ontstaan in die oorgang tussen grade nie.

## RIGLYNE VIR ASSESSERING: BASISLYNASSESSERING / GEREEDHEIDSASSESSERING:

- Dit moet gedurende week 2 en 3 na die terugkeer na die skool gedoen word. Laat die leerders toe om gevestig te raak in hul nuwe klasse voordat hulle met enige assessering begin.
- Basislynaktiwiteite moet nie alleenstaande wees nie, maar moet geïntegreer word in die onderrig- en leerproses.
- Dit moet informeel en meestal deur waarneming en mondeling gedoen word.
- Die assesseringsaktiwiteite sal op die vorige graad se inhoud fokus.
- Die doel van die aktiwiteite is om die vlak van die leerders te bepaal om die onderrig- en leerproses vir die pad vorentoe te bepaal.
- Die onderwyser kan waar moontlik die assessering van vaardighede kombineer.
- Alle vaardighede is ingesluit, ongeag of dit in 2020 onderrig is. Onderwysers kan hulle diskresie gebruik as hulle nie alles wil assesseer nie.

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING:

- Assessering vind op ‘n deurlopende basis in die grondslagfase plaas.
- Assessering kan slegs plaasvind op inhoud wat aangeleer is.
- Die Verkorte Afdeling 4 moet vir alle assessering gebruik word.

# 2021 Jaarlikse Onderrigplan – Kwartaal 1: VAK: Afrikaans Huistaal Graad 2

<table>
<tr><td>KABV Onderwerp</td><td colspan="7">LUISTER EN PRAAT<br>Minimum Tyd: 45 min per week (3 x 15 min)<br>Maksimum Tyd: 1 uur per week (4 x 15 mins</td></tr>
<tr><td>Kwartaal 1<br>45 dae</td><td>Week 1<br>(3 dae)</td><td>Week 2</td><td>Week 3</td><td>Week 4 & Week 5</td><td>Week 6 & Week 7</td><td>Week 8 & Week 9<br>(4 dae)</td><td>Week 10<br>(3 dae)</td></tr>
<tr><td>Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes</td><td>• Klassifiseer inligting deur byvoorbeeld los prentjies te gebruik<br>• Beantwoord oop en geslote vrae<br>• Gesels oor persoonlike ervarings soos om nuus te vertel</td><td>• Beantwoord oop en geslote vrae<br>• Gesels oor persoonlike ervarings soos om nuus te vertel<br>• Luister na instruksies en reageer op ‘n gepaste wyse<br>• Basislynassessering</td><td>• Gesels oor persoonlike ervarings soos om nuus te vertel<br>• Luister na stories en deel gevoelens oor die verhaal<br>• Neem beurte om te praat<br>• Herhaal 'n reeks gebeure korrek in 'n verhaal<br>• Basislynassessering</td><td>• Luister sonder om te onderbreek en toon respek vir die spreker<br>• Gesels oor persoonlike ervarings, byvoorbeeld nuus<br>• Stel oplossings vir 'n probleem voor veral tydens Wiskunde<br>• Luister na 'n verhaal met genot en beantwoord vrae wat verband hou met die verhaal<br>• Luister na instruksies wat ten minste twee dele bevat en reageer op ‘n gepaste wyse</td><td>• Luister sonder om te onderbreek en toon respek vir die spreker<br>• Gesels oor persoonlike ervarings, byvoorbeeld nuus<br>• Stel oplossings vir 'n problem voor veral tydens Wiskunde<br>• Luister na 'n verhaal met genot en beantwoord vrae wat verband hou met die verhaal<br>• Neem deel aan besprekings, stel en beantwoord vrae en stel idees voor.</td><td>• Luister sonder om te onderbreek en toon respek vir die spreker<br>• Gesels oor persoonlike ervarings, byvoorbeeld nuus<br>• Stel oplossings vir 'n probleem voor veral tydens Wiskunde<br>• Luister na 'n verhaal met genot en beantwoord vrae wat verband hou met die verhaal<br>• Gebruik korrekte woorde vir die konteks, soos 'n uitnodiging<br>• Vertel 'n verhaal wat 'n begin, middel en einde het</td><td>• Stel oplossings vir 'n probleem voor veral tydens Wiskunde<br>• Luister na 'n verhaal met genot en beantwoord vrae wat verband hou met die verhaal<br>• Neem deel aan besprekings, stel en beantwoord vrae en stel idees voor</td></tr>
</table>

| KABV Onderwerp | KLANKE<br>**Minimum Tyd: 1 hour per week (4 x 15 mins)**<br>**Maksimum Tyd: 1 hour 15 mins per week (5 x 15 mins)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term 1<br>45 dae** | **Week 1<br>(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9<br>(4 dae)** | **Week 10<br>(3 days)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Groepeer algemene woorde in klank families<br>• Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters<br>• Herken rymwoorde soos nek, rek, hek | • Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters<br>• Hersien woordfamilies met kort vokaalklanke –<br>at, -ek, -us<br>• Bou woorde met bekende klanke<br>• Lees klankwoorde in sinne en ander tekste<br>• Hersien (of onderrig) algemene konsonantverbind ings: bl<br>• ***Basislynassessering*** | • Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters<br>• Hersien woordfamilies met kort vokaalklanke – as, -el, -uk<br>• Bou woorde met bekende klanke<br>• Lees klankwoorde in sinne en ander tekste<br>• Hersien (of onderrig) algemene konsonantverb indings: sl en tw<br>• Leer om tien woorde per week uit die klanklesse te spel<br>• ***Basislynassesseri ng*** | • Hersien woordfamilies met kort<br>vokaalklanke: -at, -ek, -us, -ip<br>• Hersien gewone konsonantverbindings: kr, st, br<br>• Gebruik aanvangs- en eindkonsonantverbindings om woorde soos sw-e-rm, sn-aa-ks te bou en te te segmenteer<br>• Leer om tien woorde per week uit die klanklesse te spel | • Gebruik aanvangs- en eindkonsonantverbindings om woorde soos sw-e-rm, sn-aa-ks op te bou en te segmenteer<br>• Herken dubbelklanke byvoorbeeld 'oo' soos in die room en 'aa' soos in kaas<br>• Herken rymwoorde soos rek, nek, hek<br>• Leer om tien woorde per week uit die klanklesse te spel | • Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters<br>• Hersien gewone konsonantverbindings: sn, kr, st<br>• Bou woorde van 3 en 4 letters met behulp van die enkel letters en konsonantverbindings wat hierdie kwartaal geleer is<br>• Leer om tien woorde per week uit die klanklesse te spel | • Gebruik aanvangs- en eindkonsonantv erbindings om woorde soos sw-e-rm, sn-aa-ks te bou en te segementeer<br>• Bou woorde van 3 en 4 letters met behulp van die enkel letters en konsonantverbi ndings wat hierdie kwartaal geleer is |

| **KABV Onderwerp** | | **LEES**<br>***Dit is belangrik om Punt 7 in die riglyne op die eerste bladsy te lees.*** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | **Lees** | • Gebruik boek omslag om te voorspel waaroor die verhaal gaan<br>• Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip<br>• Beantwoord oop vrae wat op die leesstuk gebaseer is | • Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip<br>• Beantwoord oop vrae wat op die leesstuk gebaseer is<br>• Identifiseer die volgorde van gebeure in die leesstuk<br>• Interpreteer inligting vanaf plakkate<br>• ***Basislynassessering*** | • Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip<br>• Herken oorsaak en gevolg in 'n verhaal<br>• Lees eenvoudige instruksies in die klaskamer<br>• Moet 'n persoonlike reaksie op die teks wat gelees is kan uitdruk<br>• ***Basislynassessering*** | Wys die vyfvingerstrategie waar elke vinger 'n strategie voorstel wat die leser kan gebruik om stelselmatig uit te werk hoe om 'n onbekende woord en die betekenis daarvan te lees, aan die leerders<br>*Die volgende inligting is geneem uit The Teacher's Handbook: Teaching Reading in the Early Grades (Januarie 2008), Departement van Onderwys*<br>1. Duim: Laat die woord uit en lees dit aan die einde van die sin<br>2. Eerste vinger: Kyk na die prente en die opskrif<br>3. Tweede vinger: Vra jouself af of daar dele van die woord is wat jy herken<br>4. Ringvinger: Klank die woord uit<br>5. Pinkie: Vra jou onderwyser wat die woord beteken | | | |

| KABV Onderwerp | | **LEES**<br>**Gedeelde Lees: Minimum Tyd: 1 uur per week (3 x 20 min)**<br>**Maksimum Tyd: 1 uur 15 min per week (5x 15mins)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | **Gedeelde Lees** | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyer uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik boek omslag om te voorspel waaroor die verhaal gaan<br>• Beantwoord oop vrae wat op die leesstuk baseer is | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik leidrade en prente in die boek vir begrip<br>• Beantwoord oop vrae wat op die leesstuk baseer is<br>• Identifiseer die volgorde van gebeure in wat gelees is<br>• ***Basislynassessering*** | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Herken oorsaak en gevolg in 'n verhaal<br>• Beskryf die hoofidees<br>• Beantwoord oop vrae wat op die leesstuk baseer is<br>• ***Basislynassessering*** | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die verhaal gaan: die omslag van die boek, illustrasies in die boek<br>• Identifiseer belangrike besonderhede in die teks, soos die volgorde van gebeure<br>• Moet 'n persoonlike reaksie op die teks wat gelees is kan uitdruk<br>• Fokus op<br>• konsepte van drukwerk<br>• alle gedeeltes van die teks<br>• begrip op verskillende vlakke | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die verhaal gaan: die omslag van die boek, illustrasies in die boek<br>• Identifiseer belangrike besonderhede in die teks, soos die volgorde van gebeure<br>• Moet 'n persoonlike reaksie op die teks wat gelees is kan uitdruk<br>• Fokus op<br>• alle gedeeltes van die teks<br>• klanke<br>• woordidentifiseringstrategieë<br>• begrip op verskillende vlakke | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die verhaal gaan: die omslag van die boek, illustrasies in die boek<br>• Identifiseer belangrike besonderhede in die teks, soos die volgorde van gebeure<br>• Moet 'n persoonlike reaksie op die teks wat gelees is kan uitdruk<br>• Fokus op<br>• Taalpatrone<br>• woordidentifiseringstrategieë<br>• begrip op verskillende vlakke | • Lees as 'n hele klas saam met die onderwyser uit die groot boeke of ander vergrote teks<br>• Gebruik visuele leidrade om te voorspel waaroor die verhaal gaan: die omslag van die boek, illustrasies in die boek<br>• Fokus op<br>• Klanke<br>• begrip op verskillende vlakke |

<table>
<tr><td colspan="2">KABV Onderwerp</td><td colspan="7">LEES<br>Groepsbegeleide Lees : 2 ure 30 min per week ( 2 x 15 minute per dag) (2 groepe daagliks)<br>Onafhanklike Lees / Gepaarde Lees: 3 x ‘n week</td></tr>
<tr><td colspan="2">Kwartaal 1<br>45 dae</td><td>Week 1<br>(3 dae)</td><td>Week 2</td><td>Week 3</td><td>Week 4 & Week 5</td><td>Week 6 & Week 7</td><td>Week 8 & Week 9<br>(4 dae)</td><td>Week 10<br>(3 dae)</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes</td><td>Groep Begeleide Lees</td><td>• Bou ‘n sigwoordeskat op<br><br>bv. hoë frekwens ie woorde</td><td>• Lees voor uit eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal<br><br>• Gebruik klanke, kontekstuele leidrade, strukturele analise en sigwoorde tydens lees<br><br>• Monitor self tydens lees<br><br>• Bou sigwoordeskat op<br><br>• Basislynassessering</td><td>• Lees voor uit eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groepe lees dieselfde verhaal<br><br>• Gebruik klanke, kontekstuele leidrade, strukturele analise en sigwoorde tydens lees<br><br>• Gebruik prente in teks vir begrip<br><br>• Bou sigwoordeskat op<br><br>• Basislynassessering</td><td>• Lees stil en hardop op eie vlak in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se leesvlak.<br><br>• Gebruik prente in teks vir begrip<br><br>• Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele analise-dekoderingsvaardighede tydens lees<br><br>• Toon begrip vir leestekens (punte, komma's, vraagtekens en uitroeptekens)<br><br>• Gaan voort om 'n sigwoordeskat op te stel uit die toevallige leesprogram, die gegradeerdeleesreekse en hoëfrekwensie woordelyste</td><td>• Lees stil en hardop op eie vlak in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se leesvlak.<br><br>• Gebruik prente in teks vir begrip<br><br>• Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele analise-dekoderingsvaardighede tydens lees<br><br>• Toon begrip vir leestekens (punte, komma's, vraagtekens en uitroeptekens)<br><br>Gaan voort om 'n sigwoordeskat op te stel uit die toevallige leesprogram, die gegradeerdeleesreekse en hoëfrekwensie woordelyste</td><td>• Lees stil en hardop op eie vlak in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se leesvlak.<br><br>• Gebruik prente in teks vir begrip<br><br>• Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele analise-dekoderingsvaardighede tydens lees<br><br>• Toon begrip vir leestekens (punte, komma's, vraagtekens en uitroeptekens)<br><br>• Gaan voort om 'n sigwoordeskat op te stel uit die toevallige leesprogram, die gegradeerde-leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste</td><td>• Lees stil en hardop op eie vlak in 'n begeleide leesgroep saam met onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se leesvlak.<br><br>• Toon begrip vir leestekens (punte, komma's, vraagtekens en uitroeptekens)</td></tr>
<tr><td>Onafhanklike Lees</td><td colspan="7">Kies tekste wat bekend is of op die onafhanklike leesvlak van die leerder is (eenvoudiger as dié wat in gedeelde lees gebruik word met meer as 95% akkurate woordherkenning tydens die lees van die teks)<br>• Lees onafhanklik: prenteboeke, poësiekaarte, storieboeke uit die biblioteek of in die leeshoekkie van die klaskamer</td></tr>
</table>

| KABV Onderwerp | **SKRYFWERK** (*Gedeelde, Groep, Onafhanklik*)<br>**Minimum Tyd: 1 uur per week (4 x 15 min)**<br>**Maksimum Tyd: 1 uur per week (3 x 20 min)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1<br>45 days** | **Week 1<br>(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9<br>(4 dae)** | **Week 10<br>(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Teken prente om 'n boodskap oor te dra, soos oor 'n persoonlike ervaring<br>• Skryf eie nuus | • Teken prente om 'n boodskap oor te dra, soos oor 'n persoonlike ervaring<br>• Skryf eie nuus<br>• Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk)<br>• ***Basislynassessering*** | • Teken prente om 'n boodskap oor te dra, soos oor 'n persoonlike ervaring<br>• Skryf 'n kreatiewe verhaal deur middel van klanke en algemene sigwoorde<br>• Bou 'n eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van die woord om woordeboekvaardighede te ontwikkel<br>• ***Basislynassessering*** | • Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste 3 sinne van eie nuus, klanke wat aangeleer is en algemene sigwoorde<br>• Skryf 'n lys met 'n komma om die items soos take vir die dag te skei<br>• Bou 'n eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van die woord om woordeboekvaardighede te ontwikkel | • Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste 3 sinne eie nuus of ‘n kreatiewe verhaal met hoofletters en punte<br>• Skryf en illustreer 2 - 4 sinne oor 'n onderwerp om by te dra tot 'n boek vir die leeshoekkie van die klaskamer<br>• Bou 'n eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van die woord om woordeboekvaardighede te ontwikkel | • Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste 3 sinne van eie nuus met behulp van klanke en algemene sigwoorde<br>• Teken prente om 'n boodskap oor te dra, soos oor 'n persoonlike ervaring<br>• Bou 'n eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van die woord om woordeboekvaardighede te ontwikkel | • Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste 3 sinne van eie nuus met behulp van aangeleerde klanke, algemene sigwoorde, hoofletters en punte |

| KABV Onderwerp | **HANDSKRIF**<br>**Minimum Tyd: 45 min per week (3 x 15 min)**<br>**Maksimum Tyd: 1 uur per week (4 x 15 min)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term 1**<br>**45 dae** | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde<br>• ***Basislynassessering*** | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde<br>• ***Basislynassessering*** | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde<br>• Kopieer en skryf twee of meer sinne leesbaar en korrek | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters en hoofletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde<br>• Kopieer en skryf twee of meer sinne leesbaar en korrek<br>• Skryf en gebruik leestekens (punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens) | • Hou potlood vas en plaas die skryfmateriaal (boek / bladsy) op korrekte wyse<br>• Vorm kleinletters en hoofletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Skryf woorde met die regte spasie tussen letters en woorde<br>• Kopieer en skryf twee of meer sinne leesbaar en korrek<br>• Skryf en gebruik leestekens (punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens) | • Vorm kleinletters en hoofletters korrek: rigting, vorming en spasiëring binne lyne<br>• Kopieer en skryf twee of meer sinne leesbaar en korrek<br>• Skryf en gebruik leestekens (punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens) |

<table>
<tr><td>Vereiste voorafkennis</td><td colspan="2">Graad 1 kernkonsepte, kennis en waardes</td></tr>
<tr><td>Hulpbronne (behalwe handboek) om leer te verbeter</td><td colspan="2">• Leesreekse<br>• Flitskaarte<br>• DBO Werkboeke<br>• Groot Boeke<br>• Prente<br>• Plakkate</td></tr>
<tr><td>ASSESSERING</td><td>GEREEDHEIDSASSESSERIN G</td><td>• Die aktiwiteite moet tydens daaglikse lesaktiwiteite in Tale waargeneem en beoordeel word.<br>• Elke vaardigheid is nie bedoel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar moet verseker dat leerders geleenthede kry om mondelings en prakties hierdie vaardighede te demonstreer.</td></tr>
<tr><td>SGA</td><td>KWARTAAL 1 ASSESSERING</td><td>• Die aktiwiteite moet tydens daaglikse lesaktiwiteite in Tale waargeneem en beoordeel word.<br>• Elke vaardigheid is nie bedoel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar moet verseker dat leerders geleenthede het om hierdie vaardighede mondeling, prakties en skriftelik te demonstreer.<br>• Assessering kan slegs plaasvind as die konsepte geleer is en leerders genoeg tyd het om te oefen.<br>• Die assessering van mondelinge aktiwiteite moet, waar moontlik, met Lewensvaardighede en Wiskunde geïntegreer word<br>• Assessering is 'n deurlopende beplande proses om inligting oor die vordering en prestasies van leerders in die ontwikkeling van kennis, vaardighede en houdings in te samel, aan te teken, te interpreteer, te gebruik en te rapporteer.<br>• Dit is ook belangrik om daarop te let dat elke assesseringstaak nie as 'n enkele gebeurtenis of toets gesien moet word nie, maar ten alle tye aan die beginsels van deurlopende assessering moet voldoen.<br>LUISTER EN PRAAT<br>• Vertel 'n verhaal wat 'n begin, middel en einde het<br>KLANKE<br>• Mondelings en Geskrewe: Maak woorde met kort klanke (at, ek, ig, og, ug) (Leesfokustyd)<br>• Mondelings: Groep Begeleide lees (GBL) Gebruik sigwoorde, dekoderingsvaardighede (strukturele analises, kontekstuele leidrade, mondelinge leesvlotheid) om tekste onafhanklik te lees (Leesfokustyd)<br>• Begripsvaardighede (Leesfokustyd)<br>- Letterlike vrae<br>- Voorspelling<br>- Herorganisasie: herorden gebeure in volgorde<br>- Afleidings: Wat, waarom, hoe<br>SKRYFWERK:<br>• Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde Lees) (Leesfokustyd)<br>• Skryf ten minste 3 sinne van eie nuus deur middel van klanke, algemene sigwoorde, hoofletters en punte.<br>HANDSKRIF:<br>• Skryf kort sinne af en let op korrekte lettervorming.</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td>•</td></tr>
</table>